

# Salige Junipero Serra

## 1 Julie

(1713-1784)

Hierdie merkwaardige Franciskaanse sendeling priester word vereer as die Apostel van California in die VSA. Hy is op die eiland Majorka gebore en tree op 17-jarige leeftyd in by die Franciskane. Op die ouderdom van 35 jaar word hy na die destydse Spaanse kolonie van Meksiko gestuur. In 1769 begin hy ‘n reis van meer as 1000km deur onherbergsame terrein om die Evangelie te verkondig in dié gebied wat vandag as California bekend staan. Onder baie moeilike omstandighede rig hy sendingstasies op by Monterey (1770); San Antonio en San Gabriel (1771); San Luis Obispo (1772); San Francisco en San Juan Capistrano (1776); Santa Clara (1777) en San Buenaventura (1782). Hy doop meer as 6000 mense en dien die vormselsakrament aan 5000 toe. Hy trotseer allerhande gevare, honger, koue en die dood om die Blye Boodskap van Jesus se liefde stewig in hierdie reusagtige gebied te plant. Hy is begrawe by Carmel in Monterey.

© Die Oratorium Uitgewery